* Memoirs van die Botaniese opname van Suid-Afrika, No. 44 Oktober 1979.
Navorsingsinstituut vir plantkunde, Departement van Landbou-Tegniese Dienste, R.S.A.

II TEGNIEKE BY DIE KWEKING VAN AKASIAS

SPESIALE TEGNIEKE BY DIE KWEKING VAN AKASIAS

CHARLES CERONIO

INLEIDING

Aangesien die Akasia een van die plantfamilies is wat die meeste in Afrika voorkom is dit daarom nodig om meer oor hulle te wete te kom.

Die Akasia groei byna deurgaans in die bekende Pierneef-styl. Enkeles groei regop soos *Acacia senegalensis* en *A. albida* (Annaboom), *A. sieberiana* (Papierbas) groei weer in 'n tipiese platkroon met takke wat wyd uitsprei na buite. Om die Akasia as 'n bonsai te kweek, is dit dus nodig om die bepaalde spesie se groeiwyse in ag te neem.

TEGNIEKE OM TAKVORMING AAN TE MOEDIG

Soos die meeste bome, is die Akasia geneig om op sy groeipunte uit te groei en weinig sytakke te maak. Om hierdie probleem te oorkom moet daar op die volgende gelet word:

a. Sytakke vorm nie maklik op "jonghout" nie. Derhalwe moet nuwe groei eers toegelaat word om ten volle uit te groei voordat dit teruggesnoei kan word.

b. Jong hout moet dus eers ryp word sodat ogies kan ontwikkel. Om hierdie ogies te stimuleer moet takke soms toegelaat word om langer te groei as